

Genade en vrede ...

*Rusteloos ...
en toch geborge*



RUSTELOOS ... EN TOG GEBORGE ...

Liewe broer, liewe suster

Wat kenmerk jou en my lewensreis ten diepste?

Ja, as jy jou lewe tot vandag toe, die afgelope 10, 30, 40 jaar moet beskryf:

- Wat sal jy sê?
- Wat sal die kernlyn van jou lewe wees?

Dis die vraag vanoggend, geliefdes:

Wat kenmerk my lewensreis ten diepste?

ONS LEWENSREIS IS RUSTELOSE ROLLERCOASTER-RIT

Paulus praat in 2 Timoteus met die jonger Timoteus oor sy lewe:

- Paulus is oortuig dat sy lewe einde se kant toe staan.
- Ons ken sy opmerklike woorde:

Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik ..

- Paulus voel ... sy dood is om die draai ...
- Daarom skryf hy hierdie geestelike testament vir sy kind in die Here Jesus!

As jy en ek oor Paulus se lewe sou nadink, dan sou mens wil sê:

Paulus se lewe moes WOW gewees het!

- Hy het persoonlik, direk beleef dat die Here hom tot bekering bring.
- Hy het self gehoor hoe die Here Jesus op pad na Damaskus uitroep:

Saul, Saul, waarom vervolg jy My?

- Paulus het in Damaskus en Jerusalem gaan preek ... en almal het geluister!
- Paulus het die towernaar Elimas met 'n paar woorde laat blind word.
- Paulus het 'n man wat nog altyd verlam was, laat opstaan en rondloop.
- Paulus het 'n jongman wat tydens sy preek aan die slaap geraak en uit die venster geval het, uit die dood opgewek.
- Paulus het selfs beleef dat 'n giftige slang hom pik ... en hy bly lewe!
- Paulus se lewe was eintlik só opwindend ... só wow!

En tog ... tog vertel Paulus in 2 Timoteus 4 dat sy lewe juis nou stormagtig is:

- Want hy is in Rome ... onder huisarres.
- Hy mag besoekers ontvang en vir hulle preek.
- Maar hy mag nie sy voete uit die huis uit sit nie.
- Intussen wag hy vir die res van sy verhoor wat moet kom.
- En eintlik het hy nie baie moed vir sy verhoor wat voorlê nie.
- Daarom sê hy eerlik:

Ek weet die tyd van my dood is voor die deur!

- Dis nou nie juis 'n stuk lewe om oor huis toe te skrywe nie ...

En dit is erger omdat Paulus in hierdie situasie eintlik alleen is:

- Ja, Lukas is darem by hom ... sy dokter ... en sy prokureur as't ware ...
- Maar verder het Demas weggestap ... die handdoek ingegooi as dominee en besluit om eerder partytjies te hou en die lewe te geniet.
- Kressens en Titus het Paulus alleen gelaat ... hulle wou die wêreld ingaan om mense van Jesus te gaan vertel.
- Tigikus was in Efese omdat hy werk vir Paulus moes doen.
- En selfs Paulus se geestelike kind, Timoteus, is ver weg.

Terwyl sy lewe swaar is, is Paulus in wese alleen ... baie eensaam!

Die ergste van alles is:

- Dis nie dat hy alleen wil wees nie.
- Inteendeel, hy spoor juis vir Timoteus aan om gou te kom.
- En Timoteus moet ook nog vir Markus saambring.
- Want Paulus het nodig dat Timoteus en Markus vir hom moet kom getuig.
- In Paulus se hofsaak is dit nodig dat mense wat hom al lank ken, moet kom vertel wie hy is en wat hy doen.
- Maar ... Timoteus en Markus is nie daar nie ...
- Paulus het niemand by hom om hom te help nie.

Hy is uitgelewer ... op sy eie!

En die grootste hartseer van alles is:

- Paulus het konkreet beleef dat die mense hom in die steek gelaat het.
- Alreeds toe hy in Sesarea homself die eerste keer moes verdedig het niemand vir hom opgestaan nie.
- Niemand het hulle nekke vir hom uitgesteek om hom te help nie.
- Dis die hartseer van Paulus se lewe nou:

Hy is in die moeilikheid ... sy lewe is op die spel ... en hy is stoksielalleen!

En tog ... tog leef Paulus ook weer met hoop:

- Want hy pleit dat Timoteus gou moet kom en Markus moet saambring ...
- Hy vra dat Timoteus sy regte klere, sy leermantel, sal saambring ... en ook al sy aantekeninge wat in die hofsak so belangrik gaan wees.
- Want Paulus het nog nie handdoek ingegooi nie.
- Hy gaan baklei, weer die bult uitstap ... uitklim ... uitkruip as dit moet.

Sien jy hoe mens Paulus se lewe eintlik kan beskryf?

As 'n ... rollercoaster-lewe, 'n tuimeltrein-lewe ...

- Dan is jy bo en gaan alles so goed met jou ...
- En dan beland jy weer onder in die dumps ... alles lyk so hooploos.
- Dan het jy weer moed vir die dag van môre ...
- En dan voel alles so donker!

Dis tipies van ons almal se lewe, geliefdes:

As jy eerlik na jou lewensreis kyk ... dan is dit 'n rustelose Rollercoaster-Rit!

- Dan gaan dit goed by die werk en die skool en die huis en op die sportveld ... en dan weer ... val alles uitmekaar ...
- Eers geniet jy die lewe voluit ... dan huil jy van die seerkry in jou lewe ...
- Eers kan jy nie genoeg kry van die lewe nie ... dan het jy genoeg van die lewe.

Dis die eerste werklikheid om te erken oor ons lewens:

Ons lewensreis is 'n rustelose rollercoaster-rit!

MAAR IN JESUS: WAS, IS, SAL ALTYD GEBORGE WEES

MAAR ... en dis die genadige MAAR van die Here se goeie nuus, geliefdes:

- Wanneer jy in Jesus glo ... is daar iets anders wat ook jou lewe kenmerk!
- Saam met die onrustigheid, saam met die rollercoaster-rit, is daar immers nog iets ... néé, nog IEMAND in jou lewe ...
- Dit is ... die Here Jesus!
- In verse 17-18 plaas Paulus alles aandag op die Here ... op sy Koning ... op sy Verlosser ... op ons Here Jesus Christus!

Want heel eerste ... het *die Here my bygestaan en my krag gegee* ... sê Paulus:

- Jesus het naby en langs Paulus kom staan.
- Al het Paulus alleen gevoel ... was hy nie alleen nie, want Jesus was by hom!
- Jesus het hom kom help, kom bystaan.
- Jesus het hom kom bekragtig, versterk, in staat stel om te doen wat hy moet.
- Hy wat Paulus was, was dalk op die grond, maar Jesus het hom opgetel.
- Hy wat Paulus was, het dalk gevoel dat hy nie meer kan nie, maar Jesus het vir hom gesê:

My genade is vir jou genoeg.

My krag kom juis na vore wanneer jy swak is!

- Ja, JESUS, die Here, die Koning, Hy wat Paulus duur gekoop het met sy bloed, Hý was by Paulus en Hý het Paulus verder gehelp!
- Dis hoekom Paulus sy lewenswedloop kon hardloop tot by die wenstreep.

Jesus was teenwoordig en aan die werk!

Daarom sê Paulus ook

Ek is uit die bek van die leeu gered.

- Hiermee gryp hy eers na Psalm 22 ...
 - na die digter wat uitroep:

My God, my God, waarom het U my verlaat ...

- maar ook na die digter wat sê:

Hy het Hom nie teruggetrek van die nood van die hulpelose nie...

- Maar Paulus trek ook nou vir Daniël in ons prentjie in:
 - Daniël wat as 80-jarige in die leeukuil gegooi is ...
 - Wat beleef Daniël daar in die leeukuil?
 - Dat hy nie alleen is nie.
 - Inteendeel, God se engel is by hom.
 - En die engel sluit die leeus se bekke toe.

- Ja, Paulus is nié alleen nie ...

Jesus is by hom, Jesus red hom, Jesus laat hom lewe!

Daarom sê Paulus ook:

Die Here sal my red van elke onheil

- Paulus het 'n vaste vertroue oor die pad vorentoe.
- Al lyk die pad hoe onstuimig en onseker, hoe rusteloos en op-en-af ... tog is Paulus seker oor die pad vorentoe:

Die Here sal hom red, hom verlos ... van ELKE onheil.

- Selfs wanneer Paulus moet sterf, dan red die Here hom van die dood.
 - Want die Here Jesus het uit die dood opgestaan, die dood oorwin.
 - Die dood is nie meer 'n vyand wat mens net inslurp nie.
 - Die dood is 'n gewonde dier wat sy laaste stuiptrekkings uitvoer.

Uiteindelik sê Paulus ook nog:

Die Here sal my behoue in sy hemelse koninkryk bring!

- My toekoms is vas, sê Paulus.
 - Ek lewe EWIG!
 - Ek GAAN op die nuwe aarde saam met Jesus leef.
 - My lewensreis HET 'n vaste eindpunt:

Die lewe met God vir altyd!

- Hoekom?

Omdat die Here Jesus dit waarborg!

- Jesus SAL Paulus se hand vasgryp net soos hy Petrus se hand vasgegryp het toe Petrus in die water wou wegsink.
- Jesus SAL Paulus gesond maak, heel maak, herstel ... soos Jesus al die mense in sy tyd op aarde gesond gemaak het, weer laat loop het, weer laat sien het, die lewe in oorvloed laat beleef het.

***Jesus sorg dat almal wat in Hom glo,
hul vaste eindbestemming sal bereik!***

Hoor jy wat sê Paulus?

My lewe is rusteloos ... 'n rollercoaster-lewe ... dis waar ...

MAAR ...

Jesus kom by my, werk in my, verlos my, begelei my.

Jesus waarborg my lewensreis vorentoe tot by my eindbestemming!

Jesus gee vastigheid, sekuriteit aan my lewe.

Dis wat ons wat in Jesus glo, se lewensreise ten diepste kenmerk, geliefdes:

Jesus maak my geborge in die lewe ... al is alles verder op-en-af, op-en-af!

En Jesus KAN dit doen, geliefdes, want dis waarvoor Jesus aan die kruis gesterf en die dood oorwin het:

- Dis juis wat ons weer in die Nagmaal gaan sien en beleef:
 - Jesus is gekruisig ... sodat jy en ek weer by God kan kom.
 - Jesus het aan die kruis uitgeroep: *My God, My God, waarom het U my verlaat?* ... sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.
 - Jesus het die dood oorwin ... sodat jy en ek kan lewe.
 - Jesus het die reg én die vermoë én die wil om ons veilig by Hom te hou!
- Sien daarom nou Jesus se liggaam wat gebreek is ... drink sy bloed wat vir jou uitgegiet is ... en wéét:

Ek is veilig, geborge, al is my lewe ook hoé rusteloos, hoé op-en-af!

En ervaar dit ook in die Nagmaal:

- Jy gaan jou hart tot Jesus verhef ...
- Jy gaan met jou geestesoë na Jesus kyk ...
- En jy gaan sien en voel en proe en ruik hoe Jesus by jou is en jy by Hom!
- Ja, die Gees gaan die brood en die wyn gebruik om jou en my te laat ervaar:
 - Al is my lewe nou hoe deurmekaar ...
 - al is ekself nou hoe rusteloos ...
 - al voel dit vir my ek op die rand van 'n afgrond staan ...

In Jesus en by Jesus en deur Jesus is ek veilig!

Ja, in Jesus was ek en is ek en sal ek altyd geborge wees!

Wat meer wil ek op my lewensreis hê, geliefdes, as geborgenheid ... geborge-wees ... veilig voel?

Hierdie geborgenheid mag jy en ek in en deur en by Jesus beleef!

Kom ons erken daarom met die woorde van Lied 478 ... en beleef dit daarna wanneer ons Nagmaal vier ...

Al voel ek rusteloos in my rollercoaster-lewe ...

Ek was en ek is en ek sal altyd geborge wees in ons Here Jesus Christus!

GEES BLY WERK & JESUS BLY SY HANDE UITSTEEK!

Geliefdes ...

- Ons lewensreis is 'n rustelose rollercoaster-rit ...
- MAAR ...ons lewensreis was en is en sal ook altyd geborge wees in Jesus!
- Dis wat ons gehoor het en gesien het en geproe het in die Nagmaal.
- Ek vertrou dat jy deur die Heilige Gees opnuut versterk is:

In Jesus was en is en sal ek altyd geborge wees!

Maar nou gaan ons verder die lewe in ...

- En jou en my lewenspad beweeg nou weg van mekaar!
- Jy ... en julle as gemeente ... gaan nou hier in Middelburg verder die lewenswedloop hardloop ...
- Marietjie en ek gaan in Pretoria dit doen ...

Daarom die vraag:

Wat wil die Here vir ons sê vir die pad verder ...?

Wél ... Paulus begin by die Here en sê:

Omdat ek hierdie geborgenheid by Jesus het en beleef ... daarom wil ek ...

aan Hom die eer gee tot in alle ewigheid

- Ja, dat Jesus mens bystaan ... dis wow, geliefdes.
- Dat Jesus mens krag gee ... dis ook wow.
- Dat Jesus mens uit die bek van die leeu red ... dis wow!
- Dat Jesus mens van elke onheil sal red ... dis wow!
- Dat Jesus jou en my vashou tot by Hom ... dis wow!
- Daarom ...

Kom ons erken Hom, gee Hom die eer wat Hom toekom!

- Dis wat jou en my lewe verder mag en behoort te kenmerk:

Omdat ek geborge is in Jesus ...

daarom eer ek Jesus ... altyd, elke oomblik!

Maar ...

- omdat Jesus so by Paulus gestaan en hom krag gegee het,
- daarom kon Paulus sy lewensroeping voltooi:

Al die heidennasies kon die evangelie hoor!

- Hierin lê 'n belangrike rigtingwyser vir jou en my ook, geliefdes:

*Die Here wil dat jy en ek sy sorg vir ons sal gebruik
om ons roeping uit te leef!*

Dit bid ek vir elkeen van julle in jul eie lewe ...

- ... maar ek bid dit ook vir julle as gemeente ...
- ... én ek wil vra dat julle dit vir my sal bid:

*Dat ons almal ... in ons eie situasies ...
sal doen waartoe die Here ons roep!*

Ja,

- Mag ons nooit die Here se genade misbruik ... om ons eie plannetjies te gaan leef nie.
- Mag ons nooit die vrede en rus wat ons by die Here kry, misbruik ... om ons eie agenda te bevorder nie.
- Mag ons ... te midde van ons rollercoaster-lewe ... altyd vra:

Here, wat wil U hê moet ek en ons nou vir U doen?

En dan wil ek die heel laaste keer die Woord aan julle bedien deur twee ingrypende sinnetjies, geliefdes:

Die Here bly met jou gees! Die genade bly met julle!

Dis net sewe woorde in die Grieks ... en tog so kragtig:

Die Here bly met jou gees! Die genade bly met julle!

Die Here bly met jou gees!

- Toe Timoteus geroep is, het die Here hom werk gegee in Sy Koninkryk.
- Maar toe RUS die Gees Timoteus ook toe om sy werk te kan doen.

- Ja, die Gees gee die nodige gawes aan Timoteus om sy werk te kan doen ...
- So sorg die Gees dat Timoteus in staat is om sy roeping te kan uitleef.

Die Gees HET Timoteus gereed gemaak vir sy lewensroeping!

- Nou sê Paulus:
 - Die Here gaan by jou bly, Timoteus.
 - Die Here gaan sorg dat jy steeds toegerus sal wees.
 - Die Here gaan jou steeds die gawes gee wat jy nodig het.
 - Die Here gaan BLY sorg dat jy jou werk kan doen!

Die Here bly met jou gees!

Wees verseker dat die Gees se krag jou steeds sal bly toerus ...

Jy gaan altyd deur die Gees se werk kan leef en dien!

Die genade bly met julle!

- Nou praat Paulus met al die gelowiges ...
- Elkeen wat met sy of haar onrus na Jesus gekom het ...
- Elkeen wat met sy of haar sonde na Jesus gekom het ...
- Elkeen wat stukkend na Jesus gekom het ...
- Elkeen wat seer en broos na Jesus gekom het ...
- Elkeen wat steeds onrustig is en sonde doen en stukkend en seer is ...
- Elkeen mag hoor:

Die genade bly met julle!

- Die Here se genade in Jesus ...
- Die Here se guns in Jesus ...
- Die Here se geduld in Jesus ...
- Die Here se trou in Jesus ...
- Die Here se sagte oë in Jesus ...
- Die Here se uitgestrekte arms in Jesus ...
- Die Here se liefde in Jesus ...
- DIT ALLES ... bly met julle!

Die Here se kinders mag altyd uit sy genade bly leef!

*Ja, Jesus sal altyd met sy uitgestrekte arms voor jou bly staan en sê:
Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee!*

Geliefdes

- In die Naam van die Here bid ek dit vir julle ...
- In die Naam van die Here sê ek dit julle toe ...

Julle gaan altyd deur die Gees se werk kan leef en dien!

*Jesus gaan altyd met sy uitgestrekte arms voor jou bly staan en sê:
Leef uit MY genade!*

Liewe broer en suster ...

- Die Here se eerste woorde aan julle deur my as jul pastor in 2007 was:
Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee!
- Die Here laaste woorde aan julle deur my as jul herder en pastor in 2023 is:

Die Here bly met jou gees!

Die genade bly met julle!

Kom ons sing saam, biddend ... Skrifberyming 19-3